**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

**die WAPAD**
*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* — *In U lig sien ons die lig.*
JAARGANG XXV — VRYDAG 20 MAART 1970 — NR. 3

J. Heidema
KERKSTRAAT 48,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 5319
VIR PUKKE
DIÉ FIETSWINKEL

# Karnavalprogram vol splinternuwe aksie

**'N WARE FEES van vrolikheid, 'n fees waar die student hom met spontane oorgawe kan uitlewe, 'n wegbreek van die daaglikse roetine om sommer net ons ou wêreld te geniet — dit is wat die Sentrale Karnavalkomitee beoog het met die opstel van die program waarmee hulle die Pukke gaan besig hou tydens karnavaltyd.**

Die S.K.K. het deur versigtige beplanning leemtes wat in vorige karnavalle opgeduik het, uitgeskakel. Vanjaar se karnaval word dan ook gekenmerk deur 'n hele aantal nuwe aksies en die Pukke kan maar so stadig — aan hulle tande begin slyp vir 'n heerlike dis.

Anders as in die verlede begin die karnaval met 'n spoggerige seremoniële opening op die kampus. Drie konserte word weer eens in die sentrale eetsaal gehou, en na verneem word sal van die land se beste kunstenaars daar optree, o.a. Doris Brasch, Bob Borowsky, Nico Carstens en sy orkes, Min Shaw en Lance James. Die Drie Vryersklonge en heel moontlik die Staccato's. Van plaaslike talent sal daar weinig gebruik gemaak word, behalwe in die geval van die Alabama studentegeselskap, die Puk se doemeldoedies, en die Puk se Ser-kampioene.

**GEMASKERDE BRAAIVLEIS**

'n Splinternuwe aksie verskyn op die program en wel 'n middernagtelike gemaskerde braaivleis die Donderdagaand. By die geleetheid sal die stalletjies reeds opgeslaan wees. Die stalletjies sal hierdie jaar volgens 'n sentrale tema opgemaak wees.

Die ou kermisdag word vanjaar verdeel in 'n aandverrigting nl. die braaivleis en 'n oggendprogram. By die laasgenoemde geleentheid sal heelwat bykomende vermaak aan die studente gebied word, waaronder die leërgimnasium koor en orkes, 'n towenaar en heelwaarskynlik 'n lugvertoning. Die Vrydagmiddag desentraliseer die studente in hulle onderskeie sierwagroepe vir 'n braaivleis om dan ook karnaval te vier.

**GEHEIME WAPEN**

Die sierwatema vir vanjaar is „die geheime wapen" en word die hele sierwa optog so beplan as die hoogtepunt van die karnaval. Die S.K.K. wou niks uitlaat aangaande die spesiale afsluitingsfunksie wat beoog word nie, maar het slegs laat deurskemer dat dit by alle studente byval sal vind.

'n Aantal aangename gedagtes om op te teer hierdie vakansie, nie waar nie?

## SÊRKAMPIOENE




**Hierdie Sêrgroep van Oosterhof het daarin geslaag om die dames-afdeling van die Sêrkompetisie te wen. Die kompetisie was van hoogste gehalte en was gereël deur A.B.K.K. Over de Voor het die mansafdeling gewen. Lees berig op bls. 6.**
**(Foto: Fotokuns.)**

## Mev. Bingle ernstig

Mev. Santjie Bingle, eggenote van die Rektor, prof. H. J. J. Bingle is Dinsdagoggend as gevolg van 'n ernstige tromboseaanval in die plaaslike hospitaal opgeneem.

Prof. Bingle was ten tyde van die aanval in Pretoria waar hy 'n afspraak met die Eerste Minister gehad het. Hy het die afspraak gekanselleer en onverwyld na Potchefstroom teruggekeer.

Die Wapad wil langs hierdie weg 'n boodskap van spoedige en algehele beterskap tot prof. Bingle en sy gesin rig.



## Die duisternis ná sleeptyd

**Een ding op hierdie kampus van ons, waarteen al die vroulike voetgangers met graagte sal betoog, is die duisternis in die aande — uitgesluit sleeptyd.**

**Laat ons mekaar goed verstaan: die dames besef dat die logiese gevolg van sonsondergang duisternis is. Maar kom ons begin met die pad biblioteek toe... en pasop dat jy jou nie disnis loop teen een van die versperrings wat om een of ander duistere rede in die vorm van mislike geel paaltjies aangebring is. Praat nie van al die bulte en slote nie!**

**Nou kyk, die owerhede kan maar geel paaltjies inslaan oor die hele kampus, maar dan moet hulle net voldoende implemente aanbring wat lig op die saak werp — ná sleeptyd.**

**En dis nie net om die geel pale waarom dit gaan nie — nee, dis sommer die donkerte ook. Watter brose meisietjie is nie bang vir skrikgedaantes wat haar dalk van uit die donkerte kan bespring nie?**

**Daarby het ons nie meer ridders in die ware sin van die woord hier op die plaas nie. Dames wat in Heide en Karlien of selfs Klawerhof en Oosterhof bly, moet in die aande na vergaderings of byeenkomste maar ewe getroos vingeralleen terugstap. Die manne is bang om saam te stap — „... dalk vra die meisiemens my om vas te sleep...")**

**Miskien doen hierdie betoog iets aan die ou sakie, miskien nie. Intussen tas ons maar nog in die donker op soek na 'n paadjie terug koshuis toe.**

# Skerp kritiek teen A.S.B. oor praktiese optrede

**„AS NASIONALIS wat hom by die verligtes skaar, moet ek reguit sê, is ek bekommerd oor die verloop van die studentepolitiek oor die afgelope jare", skryf mnr. Otto Krause, redakteur van die tweeweeklikse nuustydskrif „News Check" in die „Perdeby" van 6 Maart. In die artikel kritiseer mnr. Krause veral die A.S.B.-leiding, omdat lg. op kongresse die effek van die Afrikanersaak doodpraat, maar nooit by die praktiese uitkom nie. „Die taalfeeste is goed ter tale maar swak te dade", voeg hy by.**

Ook vanuit ander oorde het die A.S.B. die afgelope tyd skerp kritiek gekry: So het die „Perdeby" van 27 Februarie dit teen die „oordrewe gebondenheid" van die Tukkies aan die A.S.B. „Upen", amptelike studentekoerant van die U. P.E. meen weer dat die A.S.B. self die skuld moet dra vir die beeld van ekstremisme en anti-Engelsheid waarvoor dit deurgaan op die U.P.E. se kampus.

Mnr. Krause beskou die Afrikaner as die voortstuwende, radikale en vernuwende volk in S.A., maar by sy studenteleiding is daar min-tekens van vernuwing. Volgens mnr. Krause gaan die besprekings tydens A.S.B.-kongresse oor sake soos Christelike Nasionalisme; die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner; en „daar is selfs mense wat die Christelike wetenskap wil bespreek." Daarby het die A.S.B. hierdie begrippe in die verlede gebruik as ekskuse om sy Afrikanertaak van uitbouing en kontak met andere te weerhou.

**UITWAARTSE BEWEGING**

Daarteenoor word die Afrikanersaak t.o.v. die Engelsprekendes, kleurlinge Indiërs en bantoes selde bespreek. Daar word ook weinig gehoor van en nog minder gedoen aan die uitwaartse beweging en uitbouing van die tuislande en dialoog met ander volksgroepe.

**Mnr. Krause skryf dat hierdie toedrag van sake die gevolg is van verkrampte mense, wat 'n groot invloed in die verlede op die A.S.B. uitgeoefen het.**

Hy betreur ook die mosie wat die A.S.B. 'n klompie jare gelede aangeneem het ten gunste van mnr. S. E. D. Brown. Dit is 'n subtiele steek teen die Afrikanerleiers wat

Vervolg op bladsy 8

## Daar he'jy dit



**Over de Voor en Oosterhof moet beslis hulle sang talente verenig en uitbrei.**




★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

# In Desember moontlik nie Gradeplegtigheid

**VAN OWERHEIDSWEË kon „Die Wapad" nog geen amptelike verklaring bekom in verband met die gerugte dat daar in Desember geen gradeplegtigheid sal wees nie.**

Die Senaat het wel al 'n besluit in hierdie verband geneem, maar dit moet nog amptelik deur die Raad in hulle eersvolgende sitting goedgekeur word. Aangesien die tweede semester, bloktyd en die eksamen die vorige jaar so ingeperk moes word om 'n tweede gradeplegtigheid in Desember in te pas, kan aangeneem word dat die besluit goedgekeur sal word.

As dit die geval is dat daar weer net een gradeplegtigheid sal wees soos in die verlede, kan die studente aanvaar dat die tweede semester ietwat rustiger sal verloop en dat bloktyd weer sy naam waardig sal wees.

Geen student hoef te vrees dat hy weer tot ses vraestelle in een week sal moet aflê nie. Sodra die Raad in hierdie verband besluit het, sal „Die Wapad" 'n verklaring deur die registrateur uitreik.

Die kommissie wat datums moet bepaal is ook besig om te besluit in verband met die aard en duurte van bloktyd asook wanneer die eksamen 'n aanvang sal neem.

# *Studenteraadvoorsitter aan die woord*

Dit wil voorkom asof daar 'n (tydelike?) windstilte ingetree het op die gebied van die studentepolitiek; veral die voorstanders van die konfederasieplan het blykbaar hul pogings in dié verband laat vaar, in elk geval op nasionale vlak. Daardeur is alle inter-universitêre kontak nie beëindig nie; inteendeel, die tyd is nou juis ryp vir 'n hernieude poging om inter-universitêre kontak te bewerkstellig, en wel op 'n grondslag en wyse anders as wat met die konfederasiegedagte gepaard gaan.

Veral is dit belangrik om daarop te let dat die Bantoe Universiteitskolleges van vanjaar af, selfstandige universiteitstatus verkry het. Oor die **beginsel** van skakeling met selfstandige Bantoe-universiteite is daar by ons geen twyfel nie; dit is 'n noodwendigheid, 'n resultaat van gesonde verstand en 'n realistiese aanvoeling vir die eise van ons tyd. Die klem val egter op die **metode** van sodanige skakeling; die metode moet van so 'n aard wees dat dit inpas by die patroon van ons volkerebeleid. En om in te pas by hierdie beleid, moet sodanige skakeling tussen amptelike instansies, geskied op 'n **ad hoc**-basis d.w.s. op geen vaste grondslag nie, maar van tyd tot tyd soos die behoefte hom voordoen.

**Dit** is die primêre rede waarom die gedagte van 'n veelrassige konfederasie van Suid-Afrikaanse studente betreur word en dat 'n Afrikaanse universiteit 'n voorstander van só 'n gedagte is en selfs die indruk skep dat hy in dié verband met Nusas-georiënteerde studenterade saamwerk. Sodanige optrede voorspel niks goeds nie.

Aan die anderkant het hierdie pogings (tot 'n konfederasie) die feit opnuut duidelik onderstreep dat daar ook op die P.U. vir C.H.O. die taak rus om skakeling te bewerkstellig op 'n wyse wat inpas by die praktiese volkere-problematiek in Suid-Afrika; sodanige optrede sou nie slegs dien as teenvoeter vir ongewenste pogings nie, maar dit is op sigself 'n roeping.

# Rhodesiese vereniging gestig

Op Dinsdagoggend, 3 Maart, is vir die eerste keer 'n Rhodesiese vereniging op die Puk gestig.

Die vergadering is deur Anton Welman geopen, en die volgende persone is as bestuurslede gekies: Leon du Plessis, ons Voorsitter, Ora Jacobsz, die Sekretaresse en Gerrie du Preez as algemene Organiseerder.

Leon het 'n heildronk op mnr. Ian Smith en sy Republiek ingestel, en die gesellige atmosfeer wat daar geheers het, getuig dat almal baie in hulle skik met die huidige toedrag van sake is. Ons wil probeer om 'n onafhanklike Rhodesië aan die publiek voor te stel en terselfdertyd ook om mekaar beter te leer ken.

Daar word beoog om in die toekoms die Rhodesiërs wat aan Pote studeer ook by die vergadering te betrek.

# Koshuise stampvol

**IN DIE MEESTE koshuise op die Puk is daar op die oomblik nie meer plek vir 'n muis nie, en die laaste gaatjies word nou toegestop.**

Daar is vanjaar ongeveer 700 eerstejaar-studente wat in koshuise geplaas is. Dan is daar nog die sowat 150 aptekerstudente wat terugkom van hulle prakties of seniors wat van ander universiteite kom.

Tot dusver het almal wat in koshuise wil bly, egter nog plek gekry. Hoewel daar nog steeds nuwe studente aankom, word daar nie verwag dat die koshuise vanjaar oorvol sal wees nie. Daar is elke jaar 'n hele paar eerstejaars wat nie hulle hereksamens deurkom nie en dan maar weer teruggaan skool toe.

Heelwat studente verkies ook om liewer in die dorp te bly. Hulle kan 'n lysie adresse by die Administrasie-gebou kry en dan self losies soek.


**KOLLEGE DIENSSENTRUM**

**Studente ! !**

**Julle ken almal**

**Oom Chris Coetzee**



**„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."**

**GEBAK DEUR**

Turkstra BAKKERY

**ook te kry by u kafeteria**



# 20th Century

FRI. 20th and SAT. 21st. —
**MARLOWE**
With
★ JAMES GARNER
★ GALE HUNNICUTT

SAT., MORNING at 9.45 a.m.
**BOMBA AND THE JUNGLE GIRL**

MON., 23rd and TUES., 24th
**THE ALAMO**
★ JOHN WAYNE
★ RICHARD WIDMARK
No Children 4 to 12.

COMMENCING WED., 25th
**INSPECTOR CLOUSEAU**
★ ALAN ARKIN
★ FRANK FINLAY

# Goue Weste Inry

**Tel. 6437**

FRIDAY, 20 MARCH at 6.45 p.m.
SATURDAY, 21 MARCH at 6.45 pm.
★ JACK LEMMON
★ JUDI WEST
★ WALTER MATTHAU
In Academy Award Winner Billy Wilder's crazy comedy!
**THE FORTUNE COOKY**
Come early and bring the whole family.
You'll enjoy every minute.
United Artists.

FRIDAY, 20 MARCH at 9.00 p.m.
SATURDAY 21 MARCH at 9.00 p.m.
United Artists present the epic drama
**THE CHARGE OF THE LIGHT BRIGADE**
PanaVision Colour De Luxe.
With the fabulous cast
★ TREVOR HOWARD
★ VANESSA REDGRAVE
★ JOHN GIELGUD
★ HARRY ANDREWS
★ JILL BENNETT
★ DAVID HEMMINGS
A film to remember.

MONDAY, 23 MARCH at 7.00 p.m.
TUESDAY, 24 MARCH at 7.00 p.m.
SATURDAY 28 MARCH at 6.45 p.m.
Paramount Pictures present
In the thrilling Western
They risked their lives and played for keeps.
**THE DARING GAME**
In Colour.
Starring
★ LLOYD BRIDGES
★ NICO MINARDOS
★ JOAN BLACKMAN

WEDNESDAY 25 MARCH at 7 p.m.
THURSDAY, 26 MARCH at 7 p.m.
SATURDAY 28 MARCH at 9.00 p.m.
We present with pleasure the film you have all been asking for.
The supercharged suspense thriller brilliantly portrayed by
★ GEORGE PEPPARD
★ JEAN SEBERG
**PENDULUM**
TechniColour, Wide Screen.
A Columbia Film, released by Ster Films.
This is a "must"!
*No persons 4 — 16.*

# Potch Inry


**Tel. 5307 of 6345 bedags**

VRYDAG 20 MAART om 6.45 nm.
SATERDAG 21 MAART om 6.45 nm
M.G.M. se kragtige gesinsdrama!
In Frank Gilroy se Pulitzerpryswenner met die Akademiepryswenner rolverdeling.
★ PATRICIA NEAL
★ JACK ALBERTSON
**THE SUBJECT WAS ROSES**
In Metro-kleur.
Medester
★ MARTIN SHEEN

VRYDAG 20 MAART om 9.00 nm.
SATERDAG 21 MAART om 9.00 nm
Uit die onverganklike pen van Alexander Dumas kom die magtigste avontuurverhaal, vol opwinding, aksie en gewaagdhede.
★ GENE KELLY
★ LANA TURNER
★ VAN HEFLIN
★ JUNE ALLYSON
In M.G.M. se
**THE THREE MUSKETEERS**
CinemaScope/Technikleur
Dis vermaaklikheid vir die hele gesin!

MAANDAG 23 MAART om 7.00 nm.
DINSDAG 24 MAART om 7.00 nm.
SATERDAG 28 MAART om 6.45 nm
★ JAMES GARNER
★ JASON ROBARDS
★ ROBERT RYAN
In United Artists se spanningsdrama
**HOUR OF THE GUN**
PanaVisionkleur De Luxe

WOENSDAG 25 MAART om 7 nm.
DONDERDAG 26 MAART om 7 nm.
SATERDAG 28 MAART om 9.00 nm
★ RICHARD REGAL
★ PETER GRAVES
Hulle het 'n vliegtuigramp oorleef . . . en toe het hulle angs begin
**VALLEY OF MYSTERY**
In TechniKleur.



## UITSPAN

Uitspan, die manskoshuis wat Vrydagaand die sêrkompetisie gewen het is hier betrap in aksie deur ons fotograaf. Over de Voor het Woensdagaand die sêrkompetisie gebuit. Van die dameskoshuise het Oosterhof Vrydagaand op oortuigende wyse gewen.
(Foto: Fotokuns.)



***Waarom Oosterhof se kos warmer smaak? Al wat nodig is, is 'n warmer atmosfeer.***

# FOKUS OP DIE KAMPUS



## SKAAK

Skaakspelers wat deelgeneem het aan die Interkoshuisskaakkompetisie besig om hard te konsentreer. Sien berig op bls. 9.



Fanie van Zijl, wat Dinsdagaand 'n puik vertoning op Pilditchstadion in Pretoria gelewer het, het rede om hier ingenome te glimlag. Sien ook berig op bls. 10
(Foto: Fotokuns.)



Só lyk Joe Bellingham as hy nie op die atletiekbaan doenig is nie. Hy is een van die kranige nuwe atlete wat die Puk bygekry het.
(Foto: W. v. W.-de Vries)

Heimatters is besig om op geheimsinnige manier spiere te bou op hul balkon. 'n Mens kan jouself wel afvra: hoekom? Die antwoord is 'n geheimsinnige glimlag.
(Foto: W. v. W.-de Vries)



Die soeklig val hier op die parkeerprobleem wat ernstige afmetings begin aanneem. Geel strepe en „Geen Parkering"-tekens is die versiering van die Puk-strate.
(Foto: W. v. W.-de Vries)



Piet König, D.Sc.-student aan die Puk het verlede week vanaf die Suidpool teruggekeer waar hy vir meer as 'n jaar was. Op die foto kan sy troue vriend en metgesel gedurende die maande van eensaamheid gesien word.



die WAPAD

VRYDAG 20 MAART 1970

# A.S.B. en die Studenteraad

Die kritiek wat die laaste tyd teen die ASB uitgespreek is, het opnuut die aandag gevestig op die beginsels, doelstellings en rol van hierdie organisasie veral op interuniversitêre vlak. Die verhoudings tussen Studenterade en die ASB kom eweneens hier ter sprake.

Die ASB kon nog altyd beskou word as 'n Afrikaanse kultuurorganisasie met sy vernaamste oogmerk om die Afrikaanse studente saam te snoer en ook tradisionele kultuurbande te versterk. Die saamsnoerende element lê ook in die gemeenskaplike beginselgrondslag waarop die ASB hom stel nl. die Christelike-nasionale grondslag.

As 'n Afrikaanse universiteit met 'n uitgesproke Afrikaanse karakter (en wat as sulks die Christelike nasionale beginsel in al sy konsekwensies handhaaf) is dit die Studenteraad aan hierdie universiteit se reg om by die ASB te affilieer, (wat dan ook inderdaad die geval is). Wat meer is, in 'n tydsgewrig waar die neiging bestaan om verskille tussen indiwidue uit te wis is dit ook sy plig om noue aansluiting by hierdie kultuurorganisasie te vind. Daardeur word die Studenteraad instaat gestel om die belange van die Pukstudent des te beter te bevorder juis omdat dit geaffilieer is by 'n studenteliggaam wat dieselfde beginselgrondslag as ons handhaaf.

Die P.U. vir C.H.O. sal dan ook, by wyse van sy Studenteraad die belange van die ASB primêr stel in optredes op interuniversitêre vlak. In die lig van bogenoemde sal daar ook gepoog word om die jarelange verbondenheid met die ASB ten alle koste te behou.

Voorts vind ons dat die kritici van die ASB aanvoer dat daar te veel aandag aan „akademiese kwessies" soos „lewens- en wêreld-beskouing" en „Christelike wetenskap" gegee word. Dat hierdie sake wel baie aandag in die verlede ontvang het is baie waar. Maar hoe irrelevant ons super-verligtes ookal hierdie „kwessies" beskou bly dit steeds dringend noodsaaklik dat daar oor die prinsipiële besin moet word voordat tot die praktiese oorgegaan word.

Dit sal tragies wees as die Afrikaner studenteleiers in die uitwaartse beweging volgens pragmatiese en nie prinsipiële oorwegings optree.

Tog sou dit 'n ernstige aanklag teen die ASB wees indien dit nie ywerig meehelp aan die uitbouing van ons volkerebeleid nie. Die ontwikkeling van die bantoetuislande geniet nog lank nie die aandag wat dit behoort nie en alles moet in werking gestel word om hierdie taak tot een van nasionale omvang te verhef. Dit wat tot dusver bereik is moet gemeet word met inagneming van die relatief kort tydperk wat die ASB op hierdie terrein beweeg en die delikate aard van die hele aangeleentheid.

Deur opbouende kritiek, kan die ASB daarin slaag om hierdie taak met groot sukses deur te voer.

## REDAKSIE

Hoofredakteur: Dawie Swanepoel — tel. 6600
Subredakteur: Johan Preller — tel. 6701
Nuusredakteur: Leon du Plessis — tel. 6030
Sosiale redaktrise: Louisa van der Vyver — tel. 2119
Politieke redaktrise: Henriëtte Murphy — tel. 3214
Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039
Sportredakteur: Pieter Oosthuizen — tel. 2171
Kunsredaktrise: Retha Coetzee — tel. 2071
Fotoredakteur: Wytze van Wyk de Vries — tel. 2019
Sekr. Penningmeester: Johan Ligthelm — tel.
Spotprenttekenaar: Andre Schutte — tel.
Sirkulasiebestuurders::
D. Oosthuizen — tel. 2172
W. Kruger — tel. 2172
Sosiale verslaggewers: Rheta le Roux; Elma Carstens; Maria Scheepers; Elsa Venter; Johan Yssel; Maria van der Walt; William du Toit.
Politieke verslaggewers: Nina Venter; Katrientjie van Rensburg.
Akademiese verslaggewers: Barbera de Klerk; Elize Pienaar.
Sportverslaggewers: Bester Swart; Ben van der Walt; Ria de Klerk; Riana Fourie; Elsabe van Wyk.
Kunsverslaggewers: Nicolène Marais; Quinta Kruger; Liesbet Groenewald.

# Besoekers aan P.U. oor „inperking van damestudente"

**TWEE STUDENTE van die Vrije Universiteit van Amsterdam in Holland, het verlede week 'n paar dae aan die Puk vertoef. Hulle is Ineke Klinge en Walter van Wingerden, albei B.Sc.-studente. Ineke is in haar derde jaar en Walter is 'n nagraadse student. Hulle toer deur Suid-Afrika gedurende hulle ses weke-vakansie.**

Beide was baie ingenome met die aangename klimaatsomstandighede in Suid-Afrika, veral aangesien hulle in die sneeu uit Holland weg is. Die onderhoud met „Die Wapad" het uiteindelik uitgeloop op 'n uurlange gesprek oor die politieke gevolge van afsonderlike ontwikkeling vir Suid-Afrika. Sowel Walter as Ineke is ondersteuners van, soos hulle dit stel, „groot apartheid", maar, vervolg hulle baie ernstig, „wij kunnen klein apartheid niet accepteren.

### APARTE BANKIES

Dit was veral vir Ineke 'n duidelike verligting toe sy hoor dat die indiensname van nie-blankes as bediendes in huise, stadig maar seker besig is om in onbruik te verval.

„De bankjes", het sy telkens gevra, wanneer gaan hulle die aparte „bankjes" in die parke afskaf?

**Hulle het 'n groot bewondering uitgespreek jeens die opregte eerlikheid van veral die Puk-student ten opsigte van die politieke vraagstukke waarmee die land te kampe het.**

Walter het vertel van die opstand wat verlede jaar aan die Vrije Universiteit plaasgevind het, as gevolg waarvan daar 'n algehele omwenteling in die beheer van die Universiteit plaasgevind het. Die studente het gevoel dat hulle 'n deel wil hê aan die beheer en administrasie van die Universiteit. Deur middel van 'n besetting van die administratiewe geboue van die Universiteit het hulle dan ook binne 'n week sukses behaal en is die studente nou verteenwoordig op die beherende liggaam van daardie Universiteit.

### SLEEPTYD

Dit het gebeur as gevolg van die algemene studente-opstande deur die hele Europa onlangs. Walter het voorspel dat dit nie meer baie jare sal wees voordat dit ook in Suid-Afrika die geval sal wees nie.

Walter en Ineke het volmondig met mekaar saamgestem toe Ineke gesê het dat dit totaal ondenkbaar vir haar is dat die studente op die Puk tevrede kan wees met die toedrag van sake dat mans en dames mekaar slegs een uur in die aand, sleeptyd, mag sien. Sy het gesê dat studente in Holland selfs vanaf hulle eerste jaar toegelaat word om te kom en gaan soos hulle wil. Dames mag mans in hulle kamers ontvang en saam „gesellig verkeer". Sy het egter daarby gevoeg dat daar nie so iets soos universiteitskoshuise in Amsterdam bestaan nie. Volgens haar is dit ook 'n algemene gebruik dat dames op die campus mag rook. Selfs onder die skoolgaande jeug is dit die algemeen aanvaarde gebruik.

Walter het gesê dat dit volgens hom nie 'n dag van besetting van die administrasiegebou sal neem om die owerhede te oortuig om af te doen van die „onrealistiese stelsel van inperking van dames", soos hy dit stel. Hulle was beide baie verbaas toe hulle hoor dat daar onder die studente geen noemenswaardige gevoel teen hierdie sogenaamde „inperking" is nie. Ten slotte het albei van hulle gesê dat hulle die besondere karaktervastheid van die studente van die Puk besonder hoog ag, en hulle daarvoor bewonder. Soos Ineke gesê het: „merkwaardig!"

## Uit die Woord

### ONS TAAK VOORDAT DIE OORDEEL KOM

*Mattheus 11 : 4: „En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel Johannes wat julle hoor en sien".*

*Johannes die Doper was die wegbereider wat Christus se koms na die aarde voorspel en voorberei het. Hy was tegelykertyd een van die felste oordeelspredikers van alle tye, wat die onafwendbare gerig van God oor die sondige Israel en die sondige wêreld gepredik het. Daarom verwag hy ook van Christus om dadelik te begin met die voltrekking van sy oordele. Maar niks daarvan gebeur nie. En dan raak Johannes ongeduldig. Hy begryp nie Christus se optrede nie. Daarom vra hy aan Christus in vers 3: „Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?"*

*Johannes se dissipels moet dan aan hom berig wat hulle aangaande Christus gesien en gehoor het. Christus se antwoord blyk uit sy dade en woorde, wat ons veral in vers 5 vind: Blindes sien weer en kreupeles loop, melaatse word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die Evangelie verkondig.*

*Johannes wil slegs oordeel en gerig sien losbars. Hy wil Christus slegs sien as regter op die wolke. Maar hy besef nie dat die koms van die koninkryk van God nie net bestaan uit oordeel en gerig nie. Hy sien nie die tydsverloop tussen die eerste koms en die wederkoms van Christus raak nie.*

*Die koninkryk van God het reeds gekom in hierdie wêreld, maar die koninkryk is ook steeds komende. Eendag, aan die einde van die eeue, wanneer Christus wel kom as Regter op die wolke, dan sal die koninkryk in sy voleinding kom met krag en heerlikheid.*

*Ons het hier te doen met die heerlike „reeds" en die „nog nie" van die koninkryk van God. En ons taak en verantwoordelikheid lê by die „nog nie" faset. Die koninkryk het reeds gekom. Christus het reeds die oorwinning behaal en ons vrygekoop van die sonde. Maar die voleinding van die koninkryk het nog nie gekom nie. En in hierdie tydsverloop tussen die eerste en tweede koms, kom die roeping van God tot ons om mee te help in die bouwerk aan die koninkryk. Wat 'n genade om tot so 'n heerlike taak geroep te mag word. En waaruit bestaan ons deel van hierdie bouwerk? Uit die verkondiging van die Evangelie aan 'n wêreld in nood, wat blind en kreupel en doof en melaats en arm is. En die Evangelie word nie net van preekstoele af verkondig nie. Ons elkeen se lewe, ook die lewensstyl aan ons Christelike Universiteit, is ope briewe wat gelees word.*

*Ons moet ons nie bekommer oor die oordele van God, soos Johannes nie. Dit kom gewis en seker op God se tyd. Die vraag is alleen maar wat elkeen van ons doen in die koninkryk van God in hierdie tyd — voordat die oordele kom.* C.F.C.

**PARADISE RESTAURANT**

- Dié kafee op die Bult met lugverkoeling
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

Tomstraat 86 Tel. 5474

**Callie Coetzee:**

# Die Engelse bevolking en gemeenskap is siek

**EK WIL DIE volgende stelling maak: Hoe verder ek van Engeland af in Europa ingegaan het, hoe minder het ek van Engeland begin dink. Net soos 'n toer in die buiteland jou in die gelukkige posisie stel om jou eie land en sy probleme van 'n ander hoek (let wel, nie van 'n ander standpunt nie) te sien, het ek eers in Europa, na 'n besoek van ses weke in Engeland, werklik besef, hoe siek die Engelse samelewing en bevolking in geestelike opsig is.**

Die Engelse jeug veral, se grootste strewe en ideaal is blykbaar om anders te wees. Hulle wil wegbreek van al wat tradisioneel is in die samelewing. Die bestaande orde en gebruike en instellings moet verdwyn. En as gevolg van die godsdienstige verval en die Deïstiese lewens- en wêreldbeskouing, is daar geen prinsipiële binding wat hulle in staat stel om op gedissiplineerde, verantwoordelike en volwasse wyse, vernuwing te bewerkstellig nie.

**Hierdie verskynsel moet myns insiens tot 'n baie groot mate rus op die gewete van die owerheid en ouer geslag in Engeland. Daar is by hulle 'n tipiese sieklike verdraagsaamheid te bespeur wat al hierdie geestelike swere maar doodluiters verdra en niks doen om die siekte te genees nie.**

Daar is bv. geen ouderdomsbeperking op die bywoning van films en teateraanbiedings met 'n hoogs onsedelike strekking nie. Onsedelike lektuur is in hope te koop op elke straathoek.

### TRAGIESE FEIT

Van die ander lande wat ek besoek het, was Holland in hierdie opsig die naaste aan Engeland. En dit is voorwaar 'n tragiese feit as mens die historiese bande met die Nederlande in gedagte hou.

In Frankryk het die netheid en gekunstelde lewenshouding van die mense my getref. In Parys het ek onder die jongmense ongeveer tagtig persent minder langhariges opgemerk, terwyl die Franse jeug doodnatuurlik is. 'n Fransman kan nie anders wees nie, en daarom vind jy hulle leefwyse aantreklik.

In Switserland tref dit jou dat alles skoon en netjies is en effektief funksioneer. Dit lyk ook asof daar oor die algemeen 'n hoër bestawingspeil gehandhaaf word as in die ander lande. Die Switsers is dan ook ietwat snobisties, maar dis nie 'n snobisme wat jou hinder nie.

### JOVIALE DUITSERS

In Duitsland het die hardwerkendheid van die meeste mense my baie beïndruk. Daardie mense ken nie so iets soos 'n vyfdagwerksweek nie, maar tot Saterdagaand ses uur kan jy nog feitlik in enige winkel instap. Verder is hulle 'n streng militaristiese volk, maar daarteenoor beskik hulle oor 'n jovialiteit wat jy nêrens elders kry nie. Ek wonder waar kuier jy lekkerder as in 'n Duitse biersaal.

Italië het ook weer vir 'n teleurstelling gesorg in die sin dat jy nie kan glo dat die huidige Italiaanse volk afstam van 'n geslag soos die Romeine met hulle magtige beskawing, waarvan groot reste vandag nog staan en in baie gevalle steeds gebruik word nie.

Ook die Grieke maak op jou die indruk dat hulle 'n lui volk geword het. Hulle grootste ambisie is om geld te maak uit die besienswaardighede wat hulle beroemde voorgeslagte agtergelaat het, of om jou in een van hulle talle nagklubs in te trek.

Maar die heerlikste van alles is om terug te wees met die besef in jou hart, dat hierdie land vir jou persoonlik die naaste aan die hart lê. Deur die jare het letterlik alles wat eie is aan Suid-Afrika sodanig deel van jou hele lewenspatroon en ingesteldheid geword dat jy nie daarsonder kan klaarkom nie.

# INSTITUUT BESPREEK DIE TUISLANDE

**DIE TEMA van die Instituut vir Afrikanistiek van die P.U. vir C.H.O. is vanjaar die Suid-Afrikaanse tuislande. Die Wapad het prof. H. J. Coetzee, direkteur van hierdie Instituut, gevra waarom hierdie onderwerp gekies is en wat die doel van die seminare is.**

Prof. Coetzee het verklaar dat die belangrikheid van afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrika 'n fase bereik het waar daar dringend aandag aan die geografiese aspek gegee moet word.

Uit bogenoemde program blyk dit ook duidelik dat daar genoeg word om die verband tussen volksontwikkeling en volk self te beklemtoon.

Hy het bygevoeg dat daar reeds besprekings oor Indiër- en Kleurlingtuislande gedoen is en dat hy hoop om dit eendag so te sien.

Hierdie Instituut publiseer inligtingstukke en versprei dit om die algemene aktuele saak is, so 'n algemene aktuele saak is, ook vir die hele Afrika.

Die ontwikkeling van elke volk in Afrika word nagegaan. Ook die kwessie in Nigerië en Sudan val ook in hierdie Instituut se veld.

Die doel van die seminare en besprekings is eerstens om van elke land en sy tuislande 'n wetenskaplike studie te maak en tweedens om elke volk, veral Suid-Afrikaners, in te lig oor die tuislandprobleem.

„Die publiek moet saam met ons voel", het prof. Coetzee gesê. Hy het ook die moontlikheid uitgespreek dat die minderheidsvraagstuk in Afrika volgende jaar onder bespreking gaan kom.

Die eerste seminaar is Woensdagaand gehou en die program vir die res van die jaar is soos volg:

Grond en Grense — Prof. S. J. du Plesis — Woensdag 15 April;
Mense en Mense-ontwikkeling — Mnr. H. van de Wateren — Woensdag 13 Mei;
Volksbou en Politieke ontwikkeling — Mnr. C. J. Maritz — Woensdag 24 Junie; Tuislandontwikkeling deur Grensnywerhede — Prof. F. J. Potgieter — Woensdag 19 Augustus; en
Tuislandontwikkeling deur interne ekonomiese groei — Prof. D. P. Erasmus — Woensdag 19 Augustus.

# *Oosterhof het dalk oplossing vir koshuiskosprobleme*

**HET U AL opgemerk dat die dames van Oosterhof hierdie jaar 'n besondere vonkel in die oog het, en baie gesonder lyk? Die rede daarvoor is natuurlik die kos wat 'n verandering ondergaan het, à la Amerikana.**

Mev. A. M. Liebenberg, kostannie van Oosterhof, het die voor- en nadele van hierdie kosvoorsieningstelsel genoem en ook verduidelik hoe dit werk. **Die bevrore voedsel word 'n dag voor gebruik uit die vrieskas gehaal, sodat dit kan ontdooi. Omtrent twee uur voor die ete word die verseëlde houers waarin die kos verpak is, in die oond geplaas. Dit is egter nie 'n gewone oond nie, want die kos word nie gekook nie, maar slegs deur infrarooistrale verhit.**

Reeds verlede jaar het die maatskappy wat die voedsel verskaf, demonstrasies kom lewer, en op grond hiervan is toe besluit om hierdie jaar 'n proefneming te maak. In Februarie is die oond geïnstalleer, en tot die einde van April sal die proefneming nog voortduur. Dan sal daar besluit word of dit geslaagd was, en of daar weer teruggegaan sal word na die ou en gebruiklike metode van koskook. As daar besluit word dat dit wel geslaagd is om voedsel op so 'n manier aan groot groepe mense te gee, dan sal daar by die ander koshuise ook tot hierdie manier oorgegaan word.

### SKONER

Daar is baie voordele aan hierdie metode van „koskook" verbonde. Dit is baie skoner in die kombuise, want die kos hoef nie meer daar afgeskil te word nie. Die tannies se werk in die kombuise word baie minder, en die afval is nie meer 'n probleem nie.

**Die kos is baie gesonder, omdat dit nie in vette gaargemaak word nie, en dit word nie te veel gekook sodat die belangrike vitamines verlore raak nie. Wanneer die kos net gaar is, word dit bevries, en dan net weer warm gemaak voor dit bedien word.**

**Daar is egter ook heelwat nadele aan hierdie metode verbonde. Die heel belangrikste is natuurlik die smaak van die kos, en wat die dames daarvan dink. Die kos word op eg Amerikaanse wyse voorberei, en dit val nie altyd in die smaak van die wat gewoond is aan kos wat op egte boeremanier voorberei is nie. Die vleis was byvoorbeeld in die begin so sterk gekerrie dat daar ekstra bekers water op die tafels nodig was saam met die vleis. Die verteenwoordiger van die maatskappy wat die koshuis gereeld besoek, luister egter na die klagtes, en probeer soveel moontlik verbeter daarop.**

Die ander probleem is dat die dames gou moeg geraak het vir die kos, want die groentes word net op een manier voorberei. As die maatskappy dus die groentes op meer verskillende maniere kan voorberei, en beslis ook meer op die Suid-Afrikaanse manier, sal die proefneming baie geslaagder wees.

Wanneer al die voor- en nadele van hierdie proefneming ten mekaar opgeweeg word, kan mens net wonder of dit gaan slaag of nie. Intussen het die dames nog 'n maand lank om te besluit, en daar kom daagliks nog meer en meer klagtes van die ander koshuise se eetsale oor die kos wat die studente daar kry. Op die oog af is die kosvoorsiening vir soveel studente dus nog 'n baie groot probleem, en daar word gesoek na 'n doeltreffende manier om hierdie situasie op te los.

# P.W.-kursus baie gewild

In 'n onderhoud met prof. G. J. Pienaar, hoof van die dept. Perswetenskap, het die volgende interessante gegewens aan die lig gekom. Daar het sowat 85 eerstejaars ingeskryf, wat volgens prof. Pienaar heelwat te veel is. Dit is buite verhouding met die hoeveelheid studente wat daarmee in die tweede jaar aangaan.

Dit is oook verder te betreur dat weinig van hierdie eerstejaars werklik daarin belangstel. Dit smoor ook belangstelling by die werklike geïnteresseerde persoon. Die departement is verder so gelukkig om 7 honeurs studente te hê, en 4 wat besig is met die meestersgraad.

Prof. Pienaar het gesê dat daar gedink word aan 'n gekombineerde biblioteekkunde- en perswetenskapgraad. Die mening van verskeie biblioteekkunde-studente is hieroor ingewein en hulle klink heel entoesiasties.

# Manlike motoreienaars is onhoflik

Hoe meer dae, hoe meer dinge, hoe meer spoed, hoe meer motors: punt. Daar is splinternuwes, nuwes, die gewones en dan studentetjorre. Maar helaas, op die Puk is daar sover my oog strek, net een studentetjor: die ou Fiatjie lyk soos 'n skoenlapper tussen 'n klomp papies.

Maar dis nie daarom dat dit gaan nie — o nee — ál die motors, mooies en lelikes, oue en nuwes is inderdaad pragtig. Noù kom ons by die kruks van die saak: die eienaars van die motors. En siende dat daar deesdae heelparty dames is wat motors besit (dis natuurlik 'n pes wat in die donker wandel) wil ek verder gaan, en my net by die mansmotoreienaars van die Puk bepaal.

Laat ek 'n prentjie skilder: die son skyn helder (eintlik bitsig warm) en 'n paar dames sleep hulself met moeite voort, hetsy na 'n sportbyeenkoms, die Bult, dorp of konservatorium ... en siedaar, hier joel 'n ou in sy Ferrari verby, ryding onder die blad vasgeknyp. Meneer sit so slap in die hoek opgekrul, gooi 'n vinnige blik in die asters se rigting, gee so vyf uit tien vir die bene en ... punt.

Nou kyk, ek is geen betoger nie, maar hierdie euwel is betogenswaardig. Hiermee wil ek dit duidelik stel aan alle manlike motoreienaars op die Puk, dat die asters dit nie as 'n huweliksaansoek sal beskou indien jy hulle sou oplaai, as dit op jou pad sou wees nie. Dis maar net 'n welwillendheidsgebaar, 'n ou bietjie hoflikheid of kom ons noem dit naasteliefde.

Moenie op julle laat wag nie manne — laat die wiele draai en laai maar die moeë, voetseer dametjies. op.


**DIE BULT DROOGSKOONMAKERS**
**Spesiale diens**
**Voor 12 vm. dieselfde dag**
Kollektante in koshuise

**DIT IS DIE SNIT WAT TEL . . .**



* Alba broeke
* Alba pakke
* Monatic hemde
* Battersby hoede
* Gregory sokkies

**TOD SUTTIE'S**
*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*
**Posbus 219 — Kerkstraat 177 Tel. 3411**
**POTCHEFSTROOM**

**SOMER- EN WINTERMATERIALE**
van die beste gehalte
Spesiale afslag aan studente
**BAILLIE PARK NAALDWERKSENTRUM**
**Holtzhausenstr. Bailliepark Tel. 8321**

# SÊRKOMPETISIE WYS OP PUIK SANGTALENT

**VERLEDE WEEK se Sêrkompetisie-verrigtinge het 'n mens nou regtig tot die oortuiging laat kom dat hier nie 'n tekort aan sangtalent op die Puk is nie.**

En die mooi gees onder die ouens wat deelgeneem het! Dit was nie so lekker om elke aand te gaan oefen nie, maar as 'n mens lojaal aan jou koshuis is, en as jou koshuis se eer op die spel is, het 'n mens met 'n lekker hart gaan oefen. Dit was beslis die moeite werd om so hard te oefen — nie waar nie Over-de-Voor en Oosterhof?

Verlede Woensdagaand het die eerste uitdun plaasgevind. Elke dameskoshuis het twee sêrgroepe ingeskryf en die mans elkeen een. Die senuwees het omtrent aan 'n draadjie gehang onderwyl daar gewag is op die uitslae.

Oosterhof en Over-de-Voor het verdien om te wen. Vrydagaand was die oorwinnaars Oosterhof se tweede sêrgroep en Uitspan. Die uiteindelike wenners was Over-de-Voor en Oosterhof. Baie geluk aan die twee! Die Pukke sal weer kans kry om na hulle te luister in karnavaltyd.

# PUKKE KOEL TEENOOR HUL KLEURBAADJIES

**DIE TUKKIES is in opstand teen hulle kleurbaadjie — dié nuus verskyn in die „Perdeby", amptelike studenteblad van U.P. Dit is verder deur een van die Sondagkoerante bespreek — die skrywer van die artikel verwys ook in dié stuk na die P.U. met die woorde: „My hart is nie rasend aan die klop oor Potch. se donkerrooi en wit en oranje (of is dit rooi, silwer en goud) nie".**

Verskeie studente is hierna genader omtrent hulle mening. Hulle het die volgende kommentaar gelewer. Elizabeth Steyn (B.A. II) sê: „Die baadjies is nie soseer oudmodies nie, maar onprakties want dit kos te veel en word omtrent net by een geleentheid, Intervarsity, benut".

'n Ander student, Paula Slabbert (B.A. Pers-Wetenskap), dink 'n effekleurige baadjie sal veel mooier wees. Sy meen die gestreepte baadjie van die P.U. laat 'n mens aan pajamas dink. Elna Mulder, 'n B.-Comm.-student, het in 'n vraag om haar mening verwys na die netjiese maroen baadjie wat die P.U.-Atletiekspan verlede jaar gedra het. Sy meen dit is 'n veel beter proposisie as die huidige baadjie. Hennie Scholtz, 'n B.A.-student, meen egter dat hulle maar so kan aankarring met die ou baadjie — „Ons moes dit so dra, die nageslag kan ook maar".





Al's is beter met groot, groot Coke

Coca-Cola
HANDELSMERK GEREG.

**BESPAAR! MET GROOT KING SIZE!**

Gebottel onder magtiging van The Coca-Cola Company deur: SUNCRUSH



U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ **BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING**

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ **PLATE**

by

**PRO REGE - PERS BEPERK**

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.


# KENNIS TEEN 'N LAE PRYS

**DIT HET tot „Die Wapad" se wete gekom dat studente eintlik nog baie meer bevoorreg is as waarvan die meeste bewus is.**

Mnr. H. M. Robinson, verbonde aan die departement van ontwikkeling hier op die P.U. stel dit dat studente eintlik net 13% van hul studiegelde self betaal en in sommige van die meer praktiese kursusse kan dit selfs so min as 1% wees. Dit wil sê dat dit die universiteit baie meer kos om 'n student te onderrig as wat hy daarvoor betaal. 'n Universiteit verkoop dus sy kennis baie goedkoop.

Die regering betaal 70% van die koste van elke student op die kampus en die res word uit ander bronne gehaal, deurdat verskillende maatskappye van tyd tot tyd skenkings aan die P.U. maak.

# „DIE PUKKIE" BELOOF VEEL

**EEN VAN DIE noodsaaklike elemente in 'n studente se lewe, is 'n hele boek vol sothede wat nie geswot hoef te word nie. Ons boek gaan eersdaags verskyn in die gedaante van die PUKKIE, wat hierdie jaar dan ook van hoogstaande gehalte is. Hulle het selfs so ver gegaan as om hom voor te skryf as handboek in Interfakultêre Wysbegeerte.**

Die grappe en tekengrappe, sommer alles, word gekenmerk deur oorspronklikheid en dis mos wat 'n mens wil hê. Die vorm van die Pukkie is hierdie jaar langwerpig en verskil dus ook in hierdie opsig van vorige jare s'n.

Verspreiding geskied hierdie jaar ook anders en wel op 'n koshuisbasis. Pryse word uitgeloof aan die koshuis wat die meeste Pukkies verkoop. 'n Eerste, tweede en derde prys word uitgeloof aan koshuise, asook 'n individuele prys aan die student wat die meeste Pukkies verkoop.

Die afsetgebiede is dieselfde as verlede jaar. Dit sluit naamlik in die Vaaldriehoek, Johannesburg, Pretoria, Bloemfontein asook Rustenburg en omstreke.

Die Pukkie se prys is weer eens dertig sent. Dit sal op 25 April en nie 18 April, soos in die sakboekie aangegee, versprei word. Wits s'n word ook op 18 April versprei, en soos die spreekwoord sê: meng jou met semels dan vreet die varke jou!

## *Uit die* POSSAK

# NOU MOET ONS SING EN SÊR

**GEAGTE REDAKTEUR, Vergun my asseblief die geleentheid om deur middel van u blad enkele woorde van dank te rig aan die adres van al ons koshuise wat so mooi saamgewerk het om van die pasafgelope Inter-koshuissêrgroepkompetisie 'n sukses te maak.**

Van huis uit was die doel van die hele kompetisie om te kyk of ons nie op een of ander manier die standaard van sêrre wat van tyd tot tyd in die middernagtelike ure op ons kampus plaasvind, kan verhoog nie. En tog is daar steeds mee rekening gehou dat ons studente die hele aksie moet geniet. Geniet, ja.

Dit was dan ook waarlik aangenaam om te sien hoe ywerig al die koshuise was in hulle voorbereiding van hul programmetjies. (Nie te danke vir die gesellige uurtjies wat die groepe sodoende deurgebring het nie.) Die standaard was verrassend hoog, en in hierdie verband wil ons 'n hartlike woord van gelukwensing rig aan een en almal van die groepe.

'n Besondere woord van gelukwensing ook aan die twee groepe van Oosterhof en aan Over de Voor en aan Uitspan wat uiteindelik toe die pyp gerook het.

'n Verdere ruiker aan die Inter-koshuiskomitee vir hulle flinke organisasie.

Nou ja, dit was alles heel aangenaam — ook om hierdie te skryf — maar laat ons nie hier ophou nie; laat ons sing en sing en sing en laat ons sêr en sêr en sêr en laat ons altyd beter en al beter sing en sêr en sing! Geniet dit, hoor? En, o ja, met die komende Inter-koshuiskonsertkompetisie sal ons weer so maak of hoe?

Johan Schutte.

# KLAGTES OOR POS

**GEAGTE REDAKTEUR, Dis beslis nie my gewoonte om te kla nie, maar sekere nuwe reëlings op die Puk kan ek darem nie so laat verby gaan nie.**

Almal moes seker teen hierdie tyd al noodgedwonge aanvaar dat die administrasie Saterdae gesluit is. Daardeur moet die studente die hele naweek wag vir pos wat hulle miskien al die Saterdag sou gekry het.

Asof dit nou nie genoeg is nie, kom die eerstejaars Maandagoggende terug met die boodskap dat die pos nie voor elfuur gesorteer kan word nie. En nou het dit vandeesweek selfs so erg geword dat daar eers half-twaalf klaargemaak word met die sorteerdery.

Ek laat my egter nie vertel dat Saterdag se pos so baie is dat dit twee uur langer neem om uit te sorteer nie. Ek sal dit dus baie waardeer as daar in die vervolg iets omtrent hierdie aktuele saak gedoen kan word.

„Ontstoke Student"

# Volkspelers toer by skole

Die Volkspelers het die afgelope paar weke 'n baie lewendige en druk program agter die rug, soos dit hopelik ook vir die res van die jaar sal wees. Die eerskomende vakansie word 'n toer na Oos-Transvaal onderneem. Die doel is om 'n sterker groepsgees te ontwikkel, maar ook om by die skole belangstelling vir Volkspele aan te moedig.

Van volgende kwartaal af word daar weer voortgegaan met die gewone bedrywighede. Massa-aande sal heelwaarskynlik Woensdagaande wees en die wat belangstel, moet maar die kennisgewingbord dophou. Vir die res van die jaar word onder meer die volgende beplan: gereelde bywoon van saamtrekke, uitstappies soos braaivleise, en die bywoon van opvoerings. Almal wat belangstel word genooi om deel te neem.

# NUWE BOEKWINKEL 'N VERBLYDENDE VOORUITSIG

**MET DIE BEGIN van die nuwe akademiese jaar het die jaarlikse stormloop vir boeke ook begin. En soos in die verlede het die gemoedere weer hoog geloop oor boeke wat nie in voorraad is nie, uit druk is of van oorsee af bestel moet word.**

Daarom het dit menige student se hart seker verbly toe hy sien dat daar 'n nuwe boekwinkel op die Bult geopen is. Weliswaar is daar nog nie veel handboeke in voorraad nie, maar die begin is daar.

Op onlangse massavergaderings op die P.U. en P.O.K.-kampusse het die vraagstuk van boeke weer eens ter sprake gekom. 'n Mens wonder of die ideale oplossing vir hierdie kwessie nie sal wees om 'n boekwinkel op die kampus te open, wat deur die universiteit beheer word nie.

In so 'n geval sal daar ook nie meer so baie onnodige boeke vir die studente voorgeskryf word nie, en die boekwinkels sal nie meer met onnodige voorrade boeke opgeskeep sit nie.

# NUWE DOSENTE

Op die jongste vergadering van die Raad van die universiteit, is twee senior lektore benoem, asook drie lektore.

Mnre. E. de Lange en R. C. Jansen van Rensburg is onderskeidelik in die departemente Duits en Engels aangestel as senior lektore, terwyl mnre. L. D. Snyman en J. C. Janse van Rijsen benoem is as lektore in die departement Fisiologie.

Mnr. P. J. Coetzee is benoem as lektor in die departement Stads- en streeksbeplanning.

Verskeie dosente is ook as departementshoofde benoem: Prof. F. J. Potgieter (stads- en streeksbeplanning), prof. P. J. Pretorius (Fisiologie), dr. M. J. H. du Plessis (Frans), en prof. J. Tiedt as voorsitter van die departementele komitee vir die departement Chemie.

Dr. D. J. Roode van die Raad op Atoomkrag, is benoem as buitengewone dosent in die departement Toegepaste Wiskunde.

# DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

Die dae word korter, die nagte langer. Hier en daar aan 'n boom begin die blare reeds verkleur, êrens fladder 'n blaar onseker grondtoe. Die ergste hitte begin plek maak vir 'n meer leefbare temperatuur.

Ook op akademiese vlak begin die seisoene draai: die byna baldadige sorgvryheid waarmee die jaar begin is, maak stadig maar seker plek vir 'n meer getemperde gees. Reeds word die tot nou toe ongehoorde woord „toets" af en toe gehoor.

Dit is in hierdie tyd van die jaar wat ons moet begin waak teen die groef. Negentig persent van alle mense beland binne drie maande in 'n groef en vyf en negentig persent van hulle kom nooit weer daaruit nie.

Dit is in hierdie langerwordende nagte wat ek lê en rondrol van frustrasie; van bekommernis oor my mede-Puk. Waarom is dit so dat die 2de September van soveel belang is vir meer as een Puk? Waarom word hierdie datum in hulle dagboekies met rooi omkring? Waarom is dit so dat hierdie datum knaag aan die siele van soveel Pukke?

Dit is hierdie manne met die gemerkte dagboekies en die gelouterde siele wat half twee in die middag hand-om-die-lyf ja-en-amen sê vir alles wat daardie mense sê wat daar móét wees. Ja, die stryd het reeds begin en neem steeds toe. Ek glimlag maar net, en ek simpatiseer.

Ek simpatiseer ook met almal wat droom van „liggaam" en in wroeging verkeer daaroor. Ek simpatiseer met die konvenors van alle komitees/kommissies. Ek simpatiseer met die selfvoldane regstudent wat primêr behep is met die juridiese aspek van alles en nog wat, en sekondêr so vol is van homself dat hy kan oorloop daarvan. Ek simpatiseer met die pateties snobistiese element van Oosterhof en ander koshuise of verblyfplekke. Ek simpatiseer met die belangrike man op die bestuur van P.N.B.; die selfbewuste man van die A.B.K.K.; die grapmaker van die A.O.B.; dig ou van die S.S.B. en die pyprokende intellektualis van Korpsbestuur.

'n Ruiker vir die man van Alabama wat vir Walter en Ineke so mooi onthaal het en 'n plaat vir hulle gegee het. Net jammer ons sal nie welkom wees oorsee nie. Iemand om die skuld te gee?

'n Ruiker vir almal wat vir hulleself kan lag, vir almal wat nederig is.

'n Ruiker vir al die mooi asters op die Puk. Wanneer gaan julle besef dat die mini se dae getel is?

Ek merk op dat die Putt-Putt-baan weer oop is, ek merk ook 'n sekere seksie Pukke gereeld daar op. Ook vir hulle 'n ruiker, arme goed.

# Kunsvereniging bespreek Rembrandt

**DIE Kunsvereniging het sy eerste vergadering vir 1970 op Donderdagaand 26 Februarie gehou. By dié geleentheid het prof. G. Dekker die eerste van 'n reeks van twee lesings oor Rembrandt gehou, ter herdenking van sy driehonderdste sterfdag verlede jaar.**

**Prof. Dekker het die kunstenaar bespreek as Bybelskilder aan die hand van voorbeelde. Bybeltonele vorm omtrent een derde van die skilder se oeuvre en daar bestaan sowat 1,000 Bybelstudies van hom. Prof. Dekker beskou hom eerder as 'n Protestantse skilder as 'n Calvinis.**

**'n Buitespreker sal optree by die tweede lesing. Hy sal praat oor Rembrandt as portretskilder.**

**Die nuwe bestuur vir 1970 is by geleentheid van die vergadering gekies a.v.: Prof. G. Dekker, voorsitter; dr. G. M. Ballot, ondervoorsitter; mnr. D. van den Bergh, sekretaris; prof. T. T. Cloete, penningmeester; mnr. Hannes van der Walt, ds. P. W. Buys, mev. Ballot, addisionele lede.**

# Thalia vol planne

**MET UITROEPE van ongetwyfelde blye weersiens tussen ou spelers en ou lede en 'n half onsekere gerondstaan van selfversekerde en meer nederige toneelaspirante het die eerste rollesing van Thalia op 26 Februarie begin.**

Die spannende greep uit verlede jaar se opvoering tydens die seniorkonsert het 'n goeie aanduiding gegee van die gehalte van toneel wat ons hierdie jaar kan verwag.

Dit is 'n heel ander soort stuk wat Thalia dié jaar wil aanpak: Die Onwillige Weduwee deur Henriëtte Grové, wat as 'n kunsmatige klug beskryf word.

Volgens Folkert van Graan, die hoofregisseur, (Elize Scheepers sal hom help) beoog hy baie harde werk. Daar is 'n groot verskeidenheid rolle wat gevul moet word. Almal wat 'n bietjie skrikkerig is vir moderne drama verseker hy dat die stuk net abstrak genoeg is om interessant te wees, maar nie onverstaanbaar nie. En, sê hy, die rektor het die stuk goedgekeur!

Die toergroep gaan 'n groot deel van die wye wêreld te sien kry, want opvoerings sal plaasvind in die Vrystaat, Natal, Noord-Oos Tvl. en Noord-Kaapland.

Rollesings het ook op 4, 5, 6 Maart plaasgevind. Die finale rollesing op 12 en die keuring op 13 Maart. Die repetisies begin Donderdag, 19 Maart.


**CACHET APTEEK**

**DIE STUDENTE-APTEEK**

**Agente vir:**

REVLON- EN RIMMEL- SKOONHEIDSPREPARATE

TABAC- SKEERPREPARATE VIR MANS

**Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens**

**FOON 4201**

**TOMSTRAAT 92.**

**Groot genoeg om te bedien — Klein genoeg om u te ken.**


# JUDOKA DOENIG

Slegs een P.U. judoka het daarin geslaag om op 7 Maart gedurende die Roodepoort klubkampioenskappe deur te dring tot die finale rondte. Hy is Hannes Botha, 'n oranje gordel-houer.

Slegs enkele van die P.U. judoka kon aan die kampioenskappe gaan deelneem en sommige het reeds in die eerste rondte al uitgeval.

Daar word egter reeds hard geoefen vir die Wes-Transvaalse Judokampioenskappe later vanjaar.


**G. C. LOOCK**

**KLEREMAKER**

**KERKSTRAAT**

**A. VORSTER APTEEK**


**Octron-gebou**

**Lombardstraat**

**VIR VINNIGE AFLEWERING**

**SKAKEL 7074**

**GEE 'N MAN 'N LUCKY!**




**VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË**

## Kuns:
# EERSTE UITSTALLER DEEGLIK ONDERRIG

**DIE EERSTE kunstentoonstelling vir 1970 is Donderdagaand 12 Maart geopen en duur tot 25 Maart.**

Die kunstenares Ferrie Binge-Coetzee, is by die opening bekend gestel deur dr. G. M. Ballot. Sy het haar M.A.-graad in Sosiale Wetenskappe behaal en haar eerste kunsopleiding ontvang van Siegfried Hahn. In 1953 ontvang sy klasse van Randi Doorman van die Haagse akademie en in 1963 begin sy met ernstige kunsopleiding aan die Pretoriase Tegniese Kollege, o.a. onder Gunther van der Reis.

Dr. Ballot het gewys op die gevoelvolle en dramatiese asook die eg vroulike karakter van haar werk. Sy het reeds bekendheid verwerf met die skildery „Wrakstuk", wat tussen 900 ander werke gekies is vir die jaarlikse uitstalling *Kunstenaars van roem en belofte* in die Adler Fiedler galery.

Nog 'n besondere werk is „Swartperd van die vrees", 'n skildery in swart en wit met 'n sterk dramatiese inslag.

Mev. Coetzee sal vir die duur van die tentoonstelling hier wees. Dit kan besigtig word in die kunslokaal van die Frans du Toitgebou gedurende die volgende tye: Maandae—Vrydae: 9 vm.—1 nm. 2.30 nm.—5 nm. Saterdae: 9 vm.—12 nm.

**Hier bespreek mevr. F. Binge — Coetzee (links) maar werk „Swartperd van die Vrees" met mnr. G. M. Ballot, hoof van die departement kunsgeskiedenis, en prof. G. Dekker, emeritus prof. van die dept. Afrikaans- Nederlands.**
**(Foto: Fotokuns.)**



# Spraakleer en drama lewer hoogstaande akteurs

**'N BEKENDE filmpersoonlikheid sal hom moontlik van volgende jaar onder die personeel van die dept. Spraakleer en Drama tel, is ons verslaggewer meegedeel.**

Twee oud-studente wat ook nou 'n bydrae lewer tot die bekendheid van dié jong departement is Abri le Roux en Leon Cloete wat hulle tot die geledere van die beroepstoneel gevoeg het. Beide het verlede jaar die Honneursgraad in Toneelkunde hier verwerf.

Leon Cloete is na SUKOVS. Hy het reeds in 'n Sestiger woordkunsaand opgetree.

Abri le Roux is deur die bekende regisseur Robert Mohr gekies om in Tsjekov se Drie Susters te speel. Hy het besonder goeie resensies ontvang en is 'n aanwins vir TRUK.

Baanbrekerswerk word ook in hierdie departement gedoen deur Peet van Rensburg. Hy werk aan sy M.A.-graad wat handel oor die opleiding van die akteur aan die Afrikaanse universiteite. SUKOVS het hom ook 'n kontrak aangebied in hulle toneelgroep, maar hy het verkies om hier te bly.

*Cachet Modes*

**(EDMS.) BPK.**

**Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom**



**Die winkel waar die kieskeurige dame koop**

# Alabama-groep filmsterre in Banana Beach

**1969 IS AL byna drie maande verby, maar vir die lede van Revue '69 eindig die „seisoen" eers op 20 Maart 1970. Hierdie is 'n geskiedkundige datum, want dan sal Alabama nie net meer verhoogsterre wees nie, maar ook filmsterre.**

Dan Hill, die bekende musiekpersoonlikheid van die R.P.M.-platemaatskappy wat die Alabamaplate opneem, het dié groep gekies as die geskikste van sy kunstenaars om in die fliek Banana Beach op te tree. Hierdie groot geleentheid is Saterdag 21 Maart. Terselfdertyd kry die '69-lede kans om weer al die toerherinneringe en wat dies meer sy op te diep.

**GROTER SKAAL**

Vanjaar gaan Alabama op nog 'n groter skaal aangebied word, maar die grootste aantreklikheid is tog die louter genot wat almal uit die sing-sing-sing kry.

Anders as die afgelope drie jaar, bestaan die koor vanjaar uit vier-en-twintig lede en die orkes uit twaalf. Soos met Revue '69 bevat dit 'n klavier, ritmegroep, blaasinstrumente en xilofoon.

Alhoewel die program nog nie volledig beplan is nie, is reeds besluit dat die karakter van die opvoering voor en na pouse sal verskil. Die moontlikheid van lang aandrokke vir die dames is nie uitgesluit nie. Na pouse vorm 'n aantal seemansliedjies die kern van die atmosfeer.

Die decor word so ontwerp — vanuit Alabamageledere self — dat dit by die atmosfeer aanpas en met hierdie doel is die beligting ook verdubbel.

**KARNAVAL**

David Matthewson wat Revue '69 se sprankelende chriografie ontwerp het, sal vanjaar weer ingespan word, en saam met Nesco du Toit die „skiets" skryf.

Voor die toer sal ons die Alabamagroep met karnaval te sien en te hoor kry. Na die toer, wat gedurende die Julievakansie plaasvind en met die kus langs van Kaapstad tot by Oos-Londen strek, is daar twee opvoerings in die Aula asook in Johannesburg, behalwe dié in die Totiussaal. Die opset sal nie só groot wees dat die program nie tot sy reg sal kom in die beperkte fasiliteite van die Totiussaal nie.

Gedurende die tweede semester sal die vierde Alabamaplaat gesny word. 'n Plaat wat alle Pukke weer sal koop om só die betowering van nog 'n Alabamaopvoering saam te neem die toekoms in.



**Johan van Rensburg, leier van Alabama, in sy bekende posisie besig om 'n Alabama-oefening te lei, met die oog op hulle optrede in die rolprent Banana Beach.**
**(Foto: W. v. W.-de Vries)**

Vervolg van bladsy 1

mnr. Brown reeds in die verlede veroordeel het. (Mnr. Brown is die redakteur van 'n Engelstalige nuusbladjie, wat die Nasionale Party en die Eerste Minister in die verlede al skerp aangeval het.)

Die A.S.B. het in hierdie tydvak 'n taak soos nog nooit tevore nie en hulle moet die Afrikanergedagte uitdra na S.A., Afrika en die hele wêreld, skryf mnr. Krause.

Die skrywer van die hoofartikel in die Perdeby van 27 Januarie skryf op dieselfde trant as die redakteur van die „News Check". Hy sê dat die A.S.B. wel ingewikkelde sake kan bespreek, maar dat dit nie tot daadwerklike optrede lei nie. Die passiwiteit van die Tukkiestudente in die verlening van hulp aan buurstate en bantoetuislande moet toegeskryf word aan 'n oordrewe gebondenheid aan die A.S.B.

Daar word gewys op die agtergrond van die U.P. in hierdie verband en gewaarsku dat 'n volgehoue passiwiteit U.P. sal verlaag tot 'n tweederangse „moondheid" onder die Suid-Afrikaanse studente. Die skrywer sluit af: „Dit is tyd dat Tukkies homself van die A.S.B.-leiband-waar dit skaaf of teveel terughou — losmaak en self die inisiatief neem."

Op die U.P.E.-kampus skryf rubriekredakteur, André Cruywagen, in Upen dat die A.S.B. self die skuld moet dra insover dit gebuk gaan onder 'n beeld van ekstremisme en anti-Engelsheid op die U.P.E.-kampus. Mnr. Cruywagen sê dit is so om die volgende redes:

* A.S.B. lede sien die A.S.B. as 'n vereniging wat moet dien as teenvoeter vir die Engelse student.
* Hulle beskou die A.S.B. as 'n middel waardeur Afrikanereksklusiwiteit bevorder kan word.
* Persone waarsku op 'n negatiewe wyse teen die eenheidstrewe, terwyl hulle geensins belangstel in samewerking met die Engelssprekendes nie.

Engelssprekendes is liberaal en nie-Calvinisties en daarom word hulle onbevoeg beskou om die blankes se toekoms in Suid-Afrika te bepaal en weerstand te bied teen kommunisme.

# OOR DIE ONDERDEUR
## DEUR KOEKELOER

Iewers is daar 'n tegniese fout. Party mense dink hulle ken my. Moet my nie probeer ken nie. Julle gaan tog net julle koppe middeldeur stamp. Geniet die lekkerte van onwetendheid.

Hier waar ek sit, is nie veel uitsig nie. En so toe as wat my omgewing is, so toe voel ek — amper soos voor 'n toets. Nou moet julle weet hoe 'n geestelike stryd is dit om vir julle so 'n lekker ou paar suiglekkers te gee.

Kom ons begin maar in Klawerhof. **Retha le Roux** van die Boland sê, die aardskuddings het haar hart 100% reggeskud vir **Freddie Truter**. En die antivetvrouman se dogter is mos nou 'n Oosterhoffer ... ditsim, **Rena van den Bergh**. Sy en **Ferdinand van Oosten** hou van 'n Saterdagaand tuis.

**Gerty van Staden** voel heel veilig as offisier **Philip du Plessis** van die staande mag hier terplaatse haar vergesel. En hoewel hy nie ook 'n offisier of iets in dier voege is nie, sê **Elsa Steenkamp** dat **Jan Nagtegaal** voldoende beskerming is.

**Elsabè van Wyk** sleep hoeka al met **Leon Hattingh** — dis nou op haar tuisdorp. Nog een wat so in die stilte sleep is **Amanda Els**, en dit met 'n boer, **Corrie van Wyk**. Ge-luk-ki-ge meisie!

Hoewel **Lilda Steyl** nou nie juis na 'n stelling of 'n wiskundeformule lyk nie, vind **Johan Swart** haar tog onweerstaanbaar — al van verlede jaar af.

**Charlotte Kirsten** het ewe skamerig toegegee dat as **Konkie van der Walt** moeg word vir die speletjie en wil weghol, sal sy maar liewer nie probeer om hom weer te vang nie. Op die oomblik is hulle egter nog stewig in pas.

**Chrisjan van der Walt** dink dis die beste om maar jou dingetjie vir jou groot te maak. Hy en **Maretha Duvenhage** sleep al vandat sy in standerd ses is, en nou is sy eerstejaar. Stewige fondament vir verdere stappe, sou ek sê.

**Elmarie Botha** en **Pat Hunter** se jong liefde glim van geluk. Net so dié van **Nettie Kleynhans** en **Johan Coetzee**.

Die lang vakansie het nie hond haaraf gemaak by **Tiaan Coetzee** en **Bets** nie. En mense, praat nou van verlief, dan moet julle na **Lynn Waltes** van Klawerhof kyk. **Hennie Erasmus** stem saam dat die Salisbury se asters baie goed vergelyk met die Republiek s'n.


Danksy die ontheffingsdinee meld **Bennie Brummer** klokslag sleeptyd aan by **Sarie Bubb**. Uit Oosterhof verneem ons dat **Hennie Groenewald** die interkom oortyd laat werk vir **Lena Schoeman**.

**Estelle Naudé** verlang haar mal na **Francois** wat nou op Tuks begin het met medies eerstejaar. Onthou ou maat, die spreekwoord sê: ver van jou goed ... ens... ens...

# Heloïse en Malan weer tennisgunstelinge

**HELOÏSE BURGER en Johan Malan, verlede jaar se wenners, is vanjaar die gunstelinge om die onderskeie enkelspeltitels te wen in die P.U. se tenniskampioenskappe. Die toernooi het alreeds begin en sterk mededinging word in die vooruitsig gestel.**

Johan Malan en Nico Botha is gekeur om sake in die eindrondte uit te spook. Baie goeie spel word egter ook van Pieter de Villiers en Elmo Ferreira verwag. Johan Malan en Nico Botha behoort ook uiteindelik die pyp te rook in die mansdubbels.



Volgens die keurlys behoort Heloïse Burger in die eindrondte vir dames teen Retha Smith te speel. Daar word verwag dat Retha kwaai teenstand sal bied. Riana Fourie, Gene Fourie en Mariëtte Ferreira behoort ook goeie rekenskap van hulself te gee.

In die damesdubbels verdedig Heloïse Burger en Riana Fourie hul titel van verlede jaar. Wat die gemengde dubbels betref sal dit interessant wees om te sien watter paar uiteindelik gaan wen. Volgens keuring behoort die eindrondte te wees tussen die Botha/Burger en Malan/Smith kombinasies.

Hierdie kampioenskappe bied 'n geleentheid aan nuwelinge om hulself te bewys. In die mansafdeling sal J. Stapelberg van Stellenbosch en Charles Cockroft van Benoni veral dopgehou word. Enid Brengker van Pietermaritzburg is 'n speelstertjie wie se vordering met belangstelling gevolg sal word.

Die Pukspelers sal vanjaar sonder die afrigting van Keith Diepraam moet klaarkom. Mnr. Diepraam gaan vanjaar oorsee speel en daar word tans nog onderhandel in verband met 'n nuwe afrigter.

Daar word verwag dat die Puk sterk verteenwoordig sal word by die Wes-, Noord- en Oos- Transvaalse toernooie. Daar word ook 'n toer na Natal vir die eerstespan in die vooruitsig gestel.

Tennis gaan ook vanjaar op 'n interkoshuisbasis gespeel word. Dit sal spelers wat nie onder die eerste twaalf is nie die geleentheid gee om punte vir hul onderskeie koshuise in te samel.

# HOMBRÉ GAAN IN NATAL RUGBY SPEEL

**GROOT DINGE is aan die broei daar aan die suidekant van die kampus hierdie jaar. Hierdie stelling geld blykbaar so veel te meer op die gebied van sport. In 'n onderhoud wat vandeesweek met Twisty Venter, 'n senior in Hombré gevoer is, het dit aan die lig gekom dat hierdie koshuis vanjaar 'n rugbytoer na Natal onderneem.**

Die manne is van plan om Vrydag die 27e Maart vanaf Potchefstroom te vertrek en dan die aand in Ladysmith oor te bly waar hulle dan die volgende dag hulle eerste wedstryd speel teen 'n span van Hauserpark. Die daarop volgende Maandag speel hulle dan op 'n Rugbydag in dieselfde dorp.

Daarna is hulle van plan om drie dae in Durban deur te bring waartydens hulle 'n wedstryd speel teen Port Natal Oudleerlinge. Volgens mnr. Venter dra elke speler tot die koste van die toer by en het die studente die hele reisplan self beplan en gereël.

So ver as wat vasgestel kon word is dit die eerste koshuis wat in die afgelope jare 'n toer van hierdie aard onderneem. Die entoesiasme wat hierdie manne het vir die toer is duidelik te bespeur in die feit dat die manne van Hombré reeds genoeg geld bymekaar gemaak het om vir die toerspan 'n splinternuwe stel rugbytruie aan te koop.

Dit spreek natuurlik vanself dat na so 'n toer sal die manne van Hombré betreklik fiks wees en volgens mnr. Venter beskou hulle die toer as voorbereiding vir die groot slagting volgende kwartaal!

# OP DIE HOOGSTE SPORT

**ANDRIES FERDINAND KROGMAN (18) van Middelburg, Transvaal, Junior Springbok oor die 3,000 meter, bevind hom nou as eerstejaar B.A.-student aan die P.U. vir C.H.O.**

Hierdie blondekop Heimatter met sy innemende glimlag gaan nog die rekords stukkend hardloop. Dit omdat sy prestasies hom tweede op die wêreldranglys oor die 3,000 meter vir juniors plaas.

Hy het sy atletiekloopbaan drie en 'n half jaar gelede as veertienjarige skoolseun te Florida Hoër begin waar hy eers 'n bespotting vir sy seniors was. Jan Barnard, sy afrigter, het egter die potensiaal in hom gesien en aan hom die uitdaging gerig dat hy oor 4 jaar Springbok kon word as hy wou.

Sy eerste wedloop oor die 1 myl ooit het hy in 4 min. 46 sek. afgelê, toe hy maar 14 jaar oud was. Vandag kan hy reeds spog met 'n tyd van 3 min. 55 sek. oor die 1,500 meter.

Hy het sy Junior Springbokkleure op die S.A.-Spele oor 3,000 meter verwerf. In Februarie vanjaar het hy Morrisson en Keyser, twee Springbokke, oor die 10,000 m. in die stof gelos toe hy bo verwagting pragtig gewen het.

Andries reken dat hy 'n geweldige respek jeëns Jan Barnard, oud-Springbok koester en dat hy van hom die meeste geleer het.

Verder is hy baie toegewyd aan sy atletiek en lê sowat 100 myl per week in sy seilskoene af. Hy is egter nie net 'n atleet en akademikus nie, maar het ook 'n groot voorliefde vir fliek en dames. Hou gerus hierdie vaalseun dop — binne enkele weke gaan daar S.A. rekords spat.



*Andries Krogman breek die lint in die 3000 meter.*

# VRYBURG KRY GROOT PAK

**DIE PUKKE se eerste rugbyspan het die seisoen goed begin deur Vryburg in 'n vriendskaplike wedstryd met 28—6 te klop.**

Die wedstryd is verlede Saterdag op die Puk-velde gespeel en 'n groot aantal toeskouers het die wedstryd bygewoon.

Uitblinkers in die wenspan was Henk Coetzee, Piet Roodt en Basjan Reinhardt. Dit lyk veral of die skakelpaar Coetzee en Roodt vroeg in die seisoen goed op dreef sal kom. Veral eg. sal weer 'n doring in die vlees van die opponente wees.

Die tweedespan het ook windmaker vertoon. Die manne van Noord-Kaapland kon nie al die gate toe stop nie en is verneder met 44—5.

## Aandag...

**Die inskrywingsvorms vir Kuesta '70 is by die Studenteraad verkrygbaar. Alle fooie is by die SR-kantoor betaalbaar. Verdere inligting kan verkry word by Stefan Grové (tel. 4639) of by die SR-kantoor.**

# ONGEKENDE ENTOESIASME VIR SKAAK

**DORP HET daarin geslaag om die Interkoshuisskaakliga te wen deur beide Makouvlei en Over de Voor, wat van die begin kop-aan-kop met hom geloop het, te klop.**

Soveel spanne het vanweë die groot belangstelling ingeskryf dat daar elke week twee aande vir skaak gereël moes word.

'n Gewilde reëling is vir die koshuisliga ingestel, naamlik 'n tydsbeperking op die duur van die spel en op die tyd wat 'n speler kon dink.

Deur die hele kompetisie het Allan Cross, van Over de Voor en Louis van Rensburg, 'n dorpstudent, nie een spel verloor nie.

In die damesliga was Klawerhof eerste en Karlien tweede.

Vanaf 17 April tot 12 Junie speel die P.U. klub byna elke naweek teen 'n ander universiteit of kollege.

Die groot stryd, om uit te speel vir die rangleer sodat 'n finale span na KUESTA '70 saamgestel kan word, het begin.

Die twee onoorwonne spelers in die koshuisliga het reeds uitgespeel vir die eerste plek op die rangleer, en in 'n taai wedstryd het Louis van Rensburg daarin geslaag om Allan Cross te wen. Hy beklee dus nou die eerste plek.

Die Bestuur het mnr. Piet Kroon, die S.A.-skaakkampioen uitgenooi om die klub op 8 April te kom toespreek.

# KORFBALKLUB OEFEN

Onder die bekwame leiding van Nic en Elsa de Wet, lg. 'n Springbokspeelster, beoog die korfbalklub vanjaar groot dinge. Die speelsters is alreeds kliphard aan die oefen en besig om hulself slaggereed te maak vir die seisoen wat voorlê.

Daar word 'n ernstige beroep gedoen op dames wat belangstel om te speel om hulle asseblief gedurende oefentye; (Maandae vanaf 5.00 nm. en Woensdae vanaf 4.30 nm.), by die korfbalbane aan te meld.

Vrydagaand en Saterdag 20 en 21 Maart word 'n skeidsregterskursus te Klerksdorp aangebied en dit beloof om baie leersaam en interessant te wees.

Die interkoshuisliga sal ook eersdaags 'n aanvang neem. Dit blyk dat daar sterk kompetisie tussen Heide en Klawerhof kan ontstaan.

# DOSENTE NA V.S.A.

Dr. J. J. P. van Wyk, senior lektor in die departement Plantkunde aan die P.U. is benoem as besoekende professor in plantkunde aan die Universiteit van Montana, V.S.A.

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

ONS IS AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE EN SPORTDRAG

POTCHEFSTROOM SE MODERNE AFDELINGSWINKEL VIR DIE FAMILIE

UNIEWINKELS

DIE BULT EN KERKSTRAAT 86(B)
POTCHEFSTROOM

# TAAIBOS NIE TAAI GENOEG VIR OVER DE VOOR

**OVER DE VOOR het verlede Saterdag die tradisie verbreek en Taaibos op hul tuisveld geklop. Die voorspelers onder aanvoering van Ferdie Postma het die manne van Taaibos maklik oorrompel en die grondslag vir die oorwinning gelê.**

Na die voorstelling van die onderskeie presidentspare het die eerste spanne op die veld gedraf. Over de Voor se voorspelers met hul nuwe kraaglose truie het sommer van die begin af die oorhand gehad en binne die eerste 20 minute het Over de Voor 16 punte aangeteken.

Die spel is gekenmerk deur min agterlynbewegings en harde kragspel onder die voorspelers. Om name uit te sonder sal onregverdig wees, want Over de Voor se oorwinning is gekenmerk deur pragtige samespel tussen voor- en agter spelers. Die eindtelling was 21—14. Drieë is gedruk deur Theuns Kruger, Cor Marx, Koos Bischoff en Marius Kruger, waarvan drie deur Johan Kriek vervyf is. Hy het ook met 'n strafskop geslaag.

Die oggend is die tennis, tafeltennis, skaak en snoeker afgehandel. Taaibos het daarin geslaag om die snoeker met 6—0 en tafeltennis te wen, terwyl Over de Voor die tennis met 100—76 en die skaak met 8—0 gewen het.

Om 2 nm. het die vyfde en derde rugbyspanne op die veld gedraf. Die vyfde span onder aanvoering van Tom Larney kon egter nie die mas opkom nie en het 14—6 verloor. Die derde span met Leon Wessels aan die voorpunt het die manne van Taaibos goed opdraand gegee en 14—12 gewen.

Daarna het die 2de en 4de spanne gespeel. Die vierdes met Joffie Kruger het 6—3 gewen. In 'n verbete stryd kon Jerry Coetzee se 2de span net nie die wenpunte aanteken nie en die eindtelling was 8 elk. H. B. en Nicky Aucamp het met pragspel vorendag gekom en groot dinge kan nog van hierdie twee spelers verwag word. Jerry Coetzee het veral met sy harde spel beïndruk.

**Vryburg besig met 'n strafskop tydens die wedstryd wat ver deur Puk gewen is.**
**(Foto: W. v. W.-de Vries)**



# HENNIE VAN VUUREN MORS MET KOÖPERASIE

**HENNIE VAN VUUREN, snelbouler van die Puk, het verlede Saterdag 'n skitterende vertoning van boulwerk gelewer toe hy in Koöperasie se eerste beurt 7 paaltjies omgeklits het vir 12 lopies in 9 boulbeurte waarvan 4 leeg was. Sodoende is die Puk in staat gestel om sy vyfde beurtoorwinning van die seisoen in die Wes-Transvaalse liga aan te teken. Die span is tans nòg onoorwonne en loop ver voor in die Saterdagliga.**

Wat Van Vuuren se vertoning des te merkwaardiger maak is die feit dat hy ses kolwers skoongeboul het. Hy is in die tweede beurt goed bygestaan deur Sias Willemse wat 5 paaltjies vir 7 lopies en Anton Welman wat 4 paaltjies vir 12 lopies platgetrek het.

Die Puk het eerste gekolf op 'n uiters swak kolfblad en het na 'n uur en 20 minute toe die spel weens reën op die eerste dag gestaak is slegs 69 lopies gehad vir die verlies van 5 paaltjies. Op die tweede Saterdag het dit egter baie beter gegaan. Jos Coetzee kon sy span se beurt gesluit verklaar op 159 vir 8 paaltjies nadat hyself 67 en Sias Willemse 37 n.u.n. bygedra het. Hierop het Van Vuuren onder die Koöperasie-kolwers ingevlie en was hulle almal uit vir 39 lopies. In hul opvolgbeurt kon Koöperasie slegs 30 lopies aanteken. Die Puk wen dus met 'n beurt en 90 lopies.

# WELMAN BOUL STEEDS BETER

**MET 'N DRAAIBAL-boulvertoning wat John Traicos sou laat watertand het, het Anton Welman onlangs 'n groot bydrae gelewer tot die Puk se skitterende sege in die eerste beurt teen die voorlopers in die Wes-Transvaalse krieketliga, nl. Stilfontein. Sy 4 paaltjies vir 27 lopies in 14 boulbeurte vertel nie die volle verhaal nie.**

Met hierdie vertoning het hy getoon dat Tiger Lance sekerlik rede gehad het om 'n seisoen gelede van hom te praat as een van die belowendste wegbreekboulers in Suid-Afrika. Daar is deesdae baie meer rypheid in sy boulwerk te bespeur. Veral die bal waarmee hy Paul Durandt se paaltjie ingeoes het, het die stempel van grootheid gedra. Blykbaar het Welman nou die waar-

★ Vervolg in kolom 3


GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
u tevredenheid is ons PLESIER!
BAILIEPARK PADKAFEE
(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670




# ONOORWONNE PUKSPAN LEWER SES W.-TVL. SPELERS

**DIE EERSTE krieketspan van die Puk het die afgelope seisoen besonder goed presteer deur sover onoorwonne in die Wes-Transvaalse liga te staan met slegs een wedstryd uitstaande.**

Hulle het ook oorwinnings behaal teen U.O.V.S. en die sterk span van Wits aan die begin van die seisoen, terwyl die Puk tweede gekom het in die B-afdeling van die S.A. Universiteitetoernooi.

Tot dusver het ses spelers van die Puk al vir Wes-Transvaal gespeel nl. Jos Coetzee, Richard Langridge Philip Schlebusch, André Laas Sias Willemse en Anton Welman, terwyl Nico Breedt saam met Schlebusch, en Willemse vir die Transvaalse Plattelandse span gespeel het. Michael van der Riet het nog hierdie seisoen vir die Griekwas die kolfbeurt geopen terwyl Jos Coetzee, Anton Welman en Sias Willemse vir die S.A. Universiteite B-span gespeel het.

★ Vervolg van kolom 2

de van 'n stadiger bal op 'n goeie lengte begin besef.

In antwoord op die Puk se 194 lopies, waarvan Richard Langridge 82, André Laas 28, Sias Willemse 21, en Nic Breedt 20 aangeteken het, het Stilfontein geantwoord met 149 voordat die laaste paaltjie geval het. Slegs Lorry Metzer met 37 lopies kan enige weerstand bied teen 'n venynige Puk aanval.



**Theuns Potgieter van Puk laat sy opponent hier swaarkry tydens die W.-Tvl. Stoeikampioenskappe waartydens die Puk drie kampioene opgelewer het. Berig op bls. 9.**
**(Foto: B. v. d. Walt)**

# DRIE PUK-STOEIERS BUIT WES-TRANSVAAL TITELS

**TYDENS DIE eerste kampioenskappe van die pas afgestigte Wes-Transvaalse amateurstoeivereniging, gehou op 6 en 7 Maart in die Totiussaal, het drie Puk-stoeiers hul goed van hul taak gekwyt deur met al hul teenstanders af te reken.**

In die kapokgewig afdeling het Kosie Ferreira korte mette gemaak met sy teenstander deur met 'n val te wen. Hy was ook die S.A.-Junior-kampiaen in sy gewigafdeling.

In die middelgewig afdeling het Bertie Smith die titel gebuit deur met 'n val te wen. Hy was ook 'n Suidwes-Transvaal Kampioen voor die afstigting.

Hansie Booysen, veelsydige sportman, wat vanjaar begin stoei het, het die liggewigtitel gebuit met 'n val. Hy is 'n nuweling aan die Puk en belowe veel vir die toekoms.

In die liggewig afdeling het Denys Venter goed gevaar deurdat hy met slegs een punt verloor het teen die huidige Wes-Transvaalse en vroeëre S.A. Kampioen, Gerrie Ehlers van P.O.K.

As gevolg van beserings kon Ben van Zyl, Pierrie Jacobs, Jan Pretorius en David Lombaard nie aan die kampioenskappe deelneem nie.

# HARDLOOP DROOMMYL

**Die nuwe tartanatletiekbaan het Dinsdagaand in Pretoria reeds sy eerste resultate afgewerp. Fanie van Zijl van Puk het in 'n spannende wedloop oor die myl met De Villiers Lamprecht afgereken in die goeie tyd van 3 min. 59 sek.**

**Sodoende het Fanie die eerste Suid-Afrikaanse atleet geword om die myl in minder as 4 min. in die binneland af te lê. Aanvanklik was daar twyfel oor die tyd en het die beamptes dit verkeerdelik aangegee as 4 min. 9 sek. Dit is egter later reggestel.**

**Lamprecht het 'n betreklik stadige pas in die eerste twee rondtes aangegee, maar Fanie het hom in die derde rondte verbygesteek en met sowat 7 treë gewen.**

**Nog 'n Puk, Konkie van der Walt het in die 110 m. hekkies vir seuns o/19 'n nuwe S.A.-rekord opgestel met die baie goeie tyd van 14.2 sek.**


U kan gerus u bande versool by...
GOLDEN WEST RETREADERS





'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot voorraad
★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die
★ GOODYEAR G 800 loopvlak
LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)